LENTE-TEE

Op 29 September om 10:00 word daar by die sentrum in Bettysbaai ’n tee aangebied teen R60 per persoon.
Marina Sass is die gasvrou.
Kom geniet ’n koppie tee en verversings en luister na Benescke Janse van Rensburg (bekende skrywer en omroeper) en Cecile Coetzee met ’n voordrag.
Kaartjies is by die kerkkantoor, Albertyn Apteek en die dienswerkers in Hangklip beskikbaar.

WEGNEEM-ETE

Op Vrydag 5 Oktober hoef lidmate nie self kos te maak nie, maar kan ’n heerlike hoender-maal as ’n wegneem-ete koop.
Die organiseerders sê hulle wil lidmate bederf met

- ‘n warm kwart hoender
- 2 slaaie
- Broodrolletjie

Dit kan tussen 17:00 en 19:00 gekry word:
Kleinmonders by die kerksaal
Lidmate in Bettysbaai en Pringlebaai by die sentrum
Lidmate in Rooiels by Drummond Arms
Kaartjies teen R50 by die kerkkantoor,
Van As (0769736597) of Marianna Jordaan (0726235400

BOUFONDS

Indien u ‘n vrywillige bydrae tot die boufonds vir die uitbreiding van die kerkkompleks wil maak:

Deponeer by ABSA / doen ‘n internet-betaling / betaal in by kerkkantoor / plaas in koevert en plaas in kollektesakkie:
Merk: “**BOUFONDS**” Dis ’n spesiale Boufondsrekening.

Bank:	ABSA
Rekeningnommer:	**3220 150 320** (Tjekrekening)
Taknaam:	**Kleinmond** (Kode: 632 005)
Rekeningnaam:	**NG Gemeente Kleinmond**

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470
Leraars:
S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com
CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com
Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

16 September 2018

Welkom by die Erediens

08:30 Kerksaal - Ds. Hannes van Wyk
09:00 Hangklip - Dr. Chris Malan
09:30 Kerkgebou - Ds. Steven Sass

Deurkollekte: Gemeentebediening

Eredienste Sondag 23 September 2018

09:00 Hangklip
09:30 Kerkgebou

Deuroffer: Plaaslike Diens van Barmhartigheid

UIT DIE BEEK

Plaas nou reeds jou bestelling vir die UIT DIE BEEK van 2019. Barend Vos is die skrywer. Jy kan dit by die kerkkantoor bestel teen R160. In die handel kos dit R185.

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het. Veral aan:
Kelly Hanekom: BB3,
Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Wilma de Villiers: Ba2,
Richard du Toit: Ba2, Lida Fourie: Bb1,
Piet Morton: Sb1 (☎4241), Frikkie von Wiellich: Bb2,
Jan Nel: Sa1 (☎3358), Johan Els: Sa1,
Julian Luyt: Sb1 (☎3482), Petra Lourens: Sc1,
Hanlie van der Westhuizen: Sc1,Maria Human: Sc4,
Chris Grobler :PB3 (☎8783), Riti Turner KB1 (☎4917),
Marianne Oosthuizen: KP en Hantie Schoeman: PM3.

Ons innige meegevoel met die familie van Linda Grundling van PM2. Ons dink ook aan Jeanne Karstel van Sb1 en haar familie na Derick se dood.

.. **EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar, gelukwens:

Esther Conradie (Sc2), Lindie Joubert (PM3),
Elize Saayman (HK3), Alex Tawse (BB3),
Johanna van Zyl (KB5).

DIE WEEK SE AKTIWITEITE

Sondag	18:00	Bybelskool: kerksaal
Dinsdag	16:30	Gebedsgroep
Donderdag	16:00	Kooroefening

DEMENSIE-ONDERSTEUNING

Die Demensie Ondersteuningsgroep vergader Donderdag 20 September om 10:00 by Kogelpark.
Suster Liezel Nel (Brigadoon Village, Bettysbaai) bespreek: ”Belangrike **kommunikasie** tussen versorger en demensie-lyer”.

GEBEDSFOKUS

Bid saam met die gebedsgroep

Ons getuig hardop en met oortuiging dat God goed is en dat Hy die enigste ware lewende God is. “Groot is die Here! Hoe geweldig baie beteken Hy nie vir ons nie! Ons wil Hom maar net loof..” (Ps 48:1 Die Boodskap)

- Ons bid dat die Heilige Gees ons bekragtig om God se naam onbeskaam groot te maak en aan Hom erkenning te gee. Ons wil met oorgawe van Hom getuig en nie terughoudend of skaam wees nie. Ons wil die voorbeeld van medegelowiges in die Midde Ooste en in Egipte en Madagaskar navolg en saam met hulle getuig dat God God is.
- Dankie Vader vir die Bybel wat voordurend vars bly al het ons dit al ‘n honderd maal gelees. U praat met ons deur u Woord. Ons bid vir die Bybelgenootskap wat die Bybel beskikbaar maak vir al die nasie en tale in Suid Afrika.

RINGSKOREFEES

Die Ringskorefees is ‘n jaarlikse instelling wat elke jaar by ‘n ander gemeente van ons ring gehou word. Vanmiddag, 16 September, vind vanjaar se Ringskorefees om 15:00 in Struisbaai by die NG Kerk Suidpunt plaas.
Ons kerkkoor neem daar deel saam met die kore van o.a. Grabouw, Villiersdorp en Suidpunt, asook die genooide koor akKOORd van Bredasdorp. Al die kore saam vorm ook ‘n massakoor onder leiding van die bekende Awie van Wyk wat tans Suidpunt se koorleier is. Gemeentelede is welkom om die besondere geleentheid by te woon.

FYNBOS HOU JAARVERGADERING

Op Woensdag 19 September hou Fynbos hul jaarvergadering om 10:30 in die kerksaal. Alle lidmate met belang by Fynbos word uitgenooi om die vergadering by te woon. Na die tyd word sop en brood bedien.